Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

YHVH SE VOEDSELVOORSKRIFTE

LES 9: BRIEF AAN DIE KOLOSSENSE

INLEIDING

1. Wanneer die onreine (*tamei*) met die reine (*tahor*) in aanraking kom, dan is dit die reine wat besmet word en onrein word. Dit is nooit andersom nie. Dieselfde geld ten opsigte van dit wat heilig (afgesonder) is. Dit is besoedeling deur dit wat onheilig (onafgesonder) is, wat die status van heilig (*k'dosh*) na onheilig (*chol*) verander. Daarom moet ons nooit die rein met die onrein meng nie of dit wat heilig (afgesonder) is met dit wat onheilig (onafgesonder) is meng nie. Net so kan ons ook nooit dit wat reg en dit wat verkeerd is meng nie, want amper reg is steeds verkeerd. Ons moet dit wat rein, heilig en reg is nie in kontak laat kom of besoedel met dit wat onrein, onheilig en verkeerd is nie.

2. Torah, naamlik YHVH se onderrig en instruksies, leer ons om te kan onderskei tussen dit wat rein en onrein is, asook tussen heilig en onheilig en reg en verkeerd (Eseg. 44:23 en 24; Jer. 31:34; Heb. 8:11). Dit is ons verantwoordelikheid om kontak en besoedeling met die onreine, onheilige en dit wat verkeerd is, ten alle koste te vermy. Dit is hoe elkeen wat regverdig verklaar is deur geloof in Yeshua moet lewe. Die regverdige sal uit geloof lewe (Hab. 2:4; Rom. 1:17). Geloof bevry ons van die slawejuk van sonde (bring ons uit Egipte) en Torah leer ons om as bevrydes (geregverdigdes) te lewe. Deur geloof in Yeshua Messias (die kosbare bloed van die Lam van God) het ons die onreine, naamlik sonde, verlaat en leef ons nou as gereinigdes op ons pad na die beloofde land. Torah, naamlik die onderrig en instruksies van Vader-God, is ons handleiding op hierdie pad (Ps. 119:105). Dit leer ons hoe om rein en afgesonder (heilig) en reg te lewe.

3. Die melaatses moes hardop "onrein, onrein" uitroep om ander mense te waarsku om nie in kontak met hulle te kom nie (Lev. 13:45 en 46) (Verwys nota aan die einde van hierdie les). Die melaatse was onrein en moes buite die laer bly tot hy genees is en sy status van onrein na rein verander het. Indien 'n gesonde (rein) persoon wel in kontak met 'n melaatse gekom het, was hy ook onrein. Dit beteken nie noodwendig hy gaan siek word en sterf nie, maar slegs dat sy status van rein na onrein

verander het en hy nou nie meer in die tabernakel kon ingaan of aan die normale sosiale aktiwiteite van die volk mag deelneem nie. Wanneer hy geen simptome getoon het nie, en hy homself gereinig het, het sy status weer na rein verander.

4. Bogenoemde is 'n afbeelding van die gelowige wat dit wat onrein is moet vermy. Dit gaan nie oor die redding van die mens se siel nie (saligheid nie), maar wel oor 'n leefwyse as bevryde (geregverdigde – rein verklaarde) in Yeshua Messias. Dit gaan oor 'n leefwyse as uitgeroepene (uitgesoekte, eenkant geplaas en toegewy, *set-apart*) en dus heiligmaking. Daarom het YHVH aan ons sy voedselvoorskrifte gegee sodat ons kan onderskei tussen rein en onrein voedsel.

   Want Ek is Yahweh julle Elohiem; toon dan dat julle afgesonder is en wees afgesonder, want Ek is afgesonder; daarom, verontreinig julle self nie deur enige ongedierte wat op die aarde kruip nie. Want Ek is Yahweh wat julle uit Mietsrayiem laat optrek het om julle Elohiem te wees. So moet julle dan afgesonder wees, omdat Ek afgesonder is. Dit is die Torah oor die diere en die voëls en al die lewende wesens wat roer in die water en aangaande al die wesens wat op die aarde wemel, om te onderskei tussen wat onrein en rein is, en tussen die diere wat geëet en die diere wat nie geëet mag word nie. Lev. 11:44 tot 47 (Woord en Getuienis).

5. Die eet van onrein voedsel sal die mens onrein maak. Hierdie onreinheid het 'n fisiese sowel as geestelike aspek, want ongehoorsaamheid aan Vader-God het beide fisiese en geestelike gevolge. Onrein voedsel is "ongesond" en het derhalwe nadelige gevolge op die welsyn van die mens se gees, siel en liggaam. Hierdie gevolge is nie noodwendig onmiddelik sigbaar nie, maar op die langtermyn betaal elkeen die prys vir sy dade van ongehoorsaamheid.

BRIEF AAN DIE KOLOSSENSE EN DIE VOEDSELVOORSKRIFTE

1. Baie gelowiges gebruik die teksverse in Kol. 2:20 tot 23 as bewys dat YHVH se voedselvoorskrifte opgehef is. Lees hierdie teksverse aandagtig!

   As julle dan saam met Yeshua die eerste beginsels van die wêreld afgesterf het, waarom is julle, asof julle nog in die wêreld lewe, onderworpe aan insettinge soos: raak nie, smaak nie, roer nie aan nie? – almal dinge wat deur die gebruik bestem is om te vergaan – volgens die gebooie en leringe van mense, wat, alhoewel dit 'n skyn van wysheid het, in eiesinnige godsdiens en nederigheid en in gestrengheid teen die liggaam, geen waarde het nie, maar strek tot versadiging van die vlees.

   want as julle saam met Die Gesalfde Een die beginsels van die wêreld afgesterf het, waarom leef julle nog asof julle in die wêreld geoordeel word:moenie raak nie, moenie proe nie, moenie vashou nie?Dit is alles dinge wat vernietig moet word en die opdragte en leringe van mense is en

van buite lyk of hulle die woorde van wysheid het, in die skyn van nederigheid en aanbidding van God en sonder die spaar van die liggaam; nie in dinge van eer nie, maar in die behoeftes van die liggaam. (PWL Vertaling)

Is dit korrek om hiervolgens te verklaar dat YHVH se voedselvoorskrifte opgehef is? Soos met alle Skrifgedeeltes moet hierdie ook in konteks met die res van die brief aan die Kolossense gelees word.

2. In konteks gelees is hierdie brief van Paulus ondermeer geskryf vanweë 'n dwaalleer wat ontstaan het dat redding op ander wyses as deur geloof in Yeshua Messias plaasvind. Daarom waarsku Paulus die Kolossense om versigtig te wees *dat niemand julle as 'n buit wegvoer deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie, volgens die oorlewering van die mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens Yeshua nie* (Kol. 2:8). Paulus praat hier van menslike wysheid, misleiding, oorlewering van mense en wêreldse beginsels. Torah is nie een van hierdie dinge nie. Nee, Torah is deur YHVH self aan die mens gegee en is dus hemels, geestelik en afgesonder. Yeshua is die lewende Torah en in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik (Kol. 2:9 en 10).

3. Daarom beklemtoon Paulus dat redding alleenlik deur geloof in die versoeningswerk van Yeshua Messias is en skryf hy (Kol. 2:13 en 14):

*En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het, en die **skuldbrief** teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael,*

4. Die beskouing van sommige is egter dat hierdie Skrifgedeeltes as bewys dien dat die wet (Torah) aan die kruis gespyker was en sodoende tot niet verklaar is. Daarom glo diegene ook dat op grond van hierdie Skrif is YHVH se voedselwette opgehef. Dit is egter duidelik dat dit nie die wet was nie, maar wel die **skuldbrief,** wat saam met Yeshua aan die kruis gespyker was.

5. Voor ons met YHVH as ons Vader deur Messias versoen geword het, het ons almal skuldig teenoor Torah gestaan – 'n skuldbrief gehad wat ons vonnis ook bevat het. Ons het immers almal gesondig en derhalwe was ons almal skuldig (Rom. 3:23) en die loon van die sonde is die dood (Rom. 6:23). Dit is hierdie skuldbrief (skuldigbevinding en vonnis) wat tot niet verklaar word deur geloof in die versoeningswerk van Messias aan die kruis. So het ons die genadegawe van die ewige lewe in Yeshua Messias deelagtig geword.

6. As sondaars is die wet ons nie goedgesind nie, maar wel vyandig omrede dit ons oordeel en skuldig bevind. Vir die ongelowige is die wet (Torah) derhalwe YHVH se oordeel, maar vir die gelowige in Messias is Torah die genadeseën van YHVH vir 'n oorvloedige lewe (Joh. 10:10) vir diegene wat daarvolgens lewe. Die wet red ons nie, maar gehoorsaamheid seën ons.

7. Dit is dus ons skuldbrief wat saam met Yeshua aan die kruis gespyker is en nie Torah (die wet) nie. Ons weet immers dat dit wat aan die kruis gespyker was, was dit wat verwyder moes word, want dit het skeiding tussen YHVH en die mens veroorsaak. Torah is egter goed, heilig, regverdig, volmaak, 'n verkwikking vir die siel en wysheid en daarom is dit nie dit wat verwyder moes word nie. Vir die geregverdigde is Torah **nie** dit wat skeiding maak tussen YHVH en ons **nie**. Nee, dit is ons sondeskuld wat skeiding maak. Dit is ons sondeskuld wat die rein en die onrein, die afgesonderde en onafgesonderde meng. Die skuldbrief word dus tot niet verklaar deur geloof in Yeshua as die een wat in ons plek die vonnis vir ons skuld betaal het. Ons wat onrein en onafgesonder was word nou rein en afgesonder verklaar. Die wet (Torah) is egter vir ewig. Nou leef ons nie meer volgens die letter van die wet nie, maar deur die Gees wat ons leer, lei en help om Torah te verstaan (dit is in ons verstand gegee) en om daaraan gehoorsaam **te wil** wees (dit is op ons hart geskryf) volgens die belofte (Heb. 8:10). Ons moet nou so lewe dat ons nie weer onrein word nie of met die onafgesonderde meng nie.

8. In die lig van bogenoemde kan Kol. 2:16 en 17 nou ook verklaar word:

   Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie, wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Yeshua.

9. Hoewel hierdie Skrif deur talle ondermeer ook gebruik word as bewys dat die voedselwette, die shabbat en die feestye van YHVH opgehef is en dus as bewys dat die wet, naamlik Torah, opgehef is, en die gelowige dus vry van die wet is, moet ons let op die wyse wat vers 16 begin naamlik: *Laat niemand julle **dan***..... Dit is dus duidelik dat hierdie twee verse saam gelees moet word met die voorafgaande teksverse.

10. In die voorafgaande het ons gesien dat die gelowiges deur die valse leraars beskuldig word dat hulle nie die leerstellings en bevele volg soos deur hulle (die valse leraars) voorgeskryf word nie. Paulus sê dus aan die gelowiges om nie toe te laat dat mense hulle oordeel volgens hulle mensgemaakte tradisies en verordeninge nie. Dit is dus duidelik dat die Kolossense steeds die wet (Torah – shabbat, die feestye, voedselwette, ens.) gehou het. Die aanhangers van Gnostisisme en ekstreme Judaïsme het hulle egter hieroor veroordeel. Paulus sê dus dat die ware gelowiges moet hou by die waarheid en nie by die valse leerstellings nie.

11. Dit is presies wat die kerk vandag doen. Hulle het ook vir hulle wette van mense gemaak en volg sekere tradisies en oordeel diegene wat volgens Torah leef – wat die shabbat en die feestye van YHVH gedenk, asook die voedselvoorskrifte gehoorsaam. Die kerk wil ook hê dat ons hulle leerstellings moet volg en oordeel die wat dit nie doen nie.

12. Verder herinner Paulus die Kolossense daaraan dat die shabbat, die feestye van YHVH, ensovoorts 'n skadubeeld ('n afbeelding en heenwysing) is van toekomstige dinge (Kol. 2:17). By implikasie sê hy dus dat hierdie dinge nie opgehef is nie, maar steeds as herinnering dien en gedenk moet word. Die feit dat Paulus sê dat dit *'n skadubeeld* ***is*** van toekomstige dinge bevestig dat dit vir nou en die toekoms steeds geldig is.

Opsommend

1. Wanneer ons in die lig van al bogenoemde Kol.2:20 tot 23 weer noukeurig lees, sien ons nou duidelik die ware betekenis daarvan veral as ons die Amplified Bible se weergawe lees:

   If the you have died with Christ to material ways of looking at things and have escaped from the world's crude and eternal notions and teachings of externalism, why do you live as if you still belong to the world? – Why do you submit to rules and regulations? [such as] Do not handle [this], Do not taste [that]. Do not even touch [them], Referring to things all of which perish with being used. To do this is to follow human precepts and doctrines. [Is. 29:13] Such [practices] have indeed the outward appearance [that populary passes] for wisdom, in promoting self-imposed rigor of devotion and delight in self-humiliation and severity of discipline of the body, but they are of no value in checking the indulgence of the flesh – the lower nature. [Instead they do not honor God] but serve only to indulge the flesh.

2. Soos ons gesien het, was dit deel van die dwaling van die Kolossense dat hulle 'n mensgemaakte teologie (-geregtigheid, -dogma,) gevolg het. Daarom bevat hoofstuk 2 'n duidelike vermaning teen die leerstellings en bevele van mense, want dit het geen waarde nie en is bestem om te vergaan (Kol. 2:8, 18, 20 tot 23).

3. Hoewel Paulus in sy brief nie die spesifieke dwaling beskryf nie, weet ons dat dit elemente van Gnostisisme en ekstreme Judaïsme bevat het. Hy beskou die Gnostiese siening van redding deur van die begeertes van die vlees bevry te word, en deur sogenaamde verhewe geestelike kennis, as eiesinnige godsdiens van geen waarde nie. Dit was 'n mensgemaakte godsdienstige sisteem van selfopgelegde kastyding van die liggaam en

valse nederigheid wat die skyn van wysheid gehad het, maar van geen waarde nie (Kol. 2:23).

4. Torah is nie die gebooie en leringe van mense nie, maar wel die ewige, onveranderlike en volmaakte woorde van YHVH. Die Heilige Skrifte (Bybel) is deur YHVH aan die mens gegee om ons in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerde reg te stel en om ons volledig toe te rus vir elke goeie werk (2 Tim. 3:16 en 17).

5. **In die brief aan die Kolossense word daar dus geensins na die voedselvoorskrifte van YHVH, of die opheffing van die wet, verwys nie.** Nee, Kol. 2:20 verwys na wêreldse insettinge (wette, voorskrifte). Torah is nie wêrelds nie, maar afgesonder, want dit bevat die wese van die Almagtige God. Dit is die wysheid van YHVH en **nie** eiesinnige godsdiens of sogenaamde nederigheid **nie**. Die bedoeling van Torah is ook nie gestrengheid (selfkastyding) van die liggaam nie, maar voorskrifte vir ‘n voorspoedige en geseënde lewe. Torah is nie nutteloos nie en die bedoeling daarvan is nie versadiging (bevrediging) van die vlees nie.

6. Nee, Torah is die leefwyse van diegene wat die geregtigheid van God die Vader in Yeshua die Messias is. Indien ons nie die geregtigheid van YHVH ken nie, loop ons gevaar om ons eie geregtigheid op te rig (Rom. 10:3). Alleenlik deur geloof is ons nou die geregtigheid van YHVH in Yeshua Messias (2 Kor. 5:21). Maar ons weet dat *om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme. Want wederstrewigheid is ‘n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beeldediens* (1 Sam. 15:22 en 23).

7. Is jou hartsgesindheid een van vrywillige gehoorsaam aan Torah omrede jy glo dat Vader-God dit vir jou welsyn gegee het – vir ‘n lewe van oorvloed van gees, siel en liggaam omrede jy deur Yeshua met Hom versoen is? Is dit die wyse wat jy begeer om Vader se liefde te beantwoord?

*Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is.*1 Joh. 2:5

BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE

1. Slegs rein diere was geskik vir offerhandes in die tabernakel en tempel. Die offer van enige onrein dier sou ‘n gruwel vir YHVH gewees het! Al ooit hieroor nagedink? Jou liggaam is die tempel van die Afgesonderde Gees en daarom is die voeding van jou liggaam met onrein vleis ook ‘n gruwel vir YHVH!

2. Hoekom is die behoefte vir gebed vir die siekes soveel groter in die kerke as in die sinagoges? Kan dit moontlik verband hou met die dieet van beide groepe?

Nota:
English translations of the Bible have translated the Hebrew term *tsa'arat* as 'leprosy', and have therefore translated the Hebrew term *m'tzora* as 'leper'. This is unfortunate, since there is a very contagious skin disease, originally known as 'Hanson's Disease', which has been dubbed 'leprosy', which bears little resemblance to the *tsa'ara*t condition mentioned in the Book of Leviticus. Now, when English speakers read the Book of Leviticus and read of leprosy and lepers, they think of persons with the contagious skin disease properly called 'Hanson's Disease'. True Biblical ***tsa'arat*** was not contagious by contact – it was a physical manifestation of a spiritual problem. A person who continually spoke negatively about his fellow man would, in the days of the *mish'kan*, when the Sh'kinah dwelt in the camp of the Redeemed, be struck by the Holy One with the *tsa'arat* condition. *Miryam* is an example. This was a redemptive judgment of the Holy One, designed to call the evil-speaking person to change his/her ways, and submit his/her mouth and speech to The Holy One, to be cleansed. (Bill Bullock)

Shalomgroete tot volgende keer.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.